Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Government Gazette
Staatskoerant

Selling price • Verkoopprys
(GST excluded/AVB uitgesluit)
Local 45c Plaaslik
Other countries 60c Buitelands
Post free • Posvry

Regulation Gazette
Regulasiekoerant
No. 3852

Registered at the Post Office
as a Newspaper
As 'n Nuusblad by die
Poskantoor Geregistreer

Vol. 242 PRETORIA, 16 AUGUST AUGUSTUS 1985 No. 9892

PROCLAMATION

by the

State President of the Republic of South Africa

No. R. 126, 1985

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 TO THE PUBLIC SERVICE ACT, 1984 (ACT 111 OF 1984)

Under the powers vested in me by section 6 (3) of the Public Service Act, 1984 (Act 111 of 1984), I hereby amend, in accordance with the recommendation of the Commission for Administration, Schedule 1 to the said Act with effect from 1 July 1985, by the deletion of the words "Department of Health and Welfare" and "Director-General: Health and Welfare" where they appear in columns I and II, and the insertion of the words "Department of National Health and Population Development" after the words "Department of National Education" in column I, and the insertion of the words "Director-General: National Health and Population Development" after the words "Director-General: National Education" in column II.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this First day of August, One Thousand Nine hundred and Eighty-five.

P. W. BOTHA,
State President.

By Order of the State President-in-Cabinet:

E. v.d. M. LOUW.
Minister of the Cabinet.

PROKLAMASIE

van die

Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. R. 126, 1985

WYSIGING VAN BYLAE 1 BY DIE STAATSDIENSWET, 1984 (WET 111 VAN 1984)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 6 (3) van die Staatsdienswet, 1984 (Wet 111 van 1984), wysig ek hierby, ooreenkomstig die aanbeveling van die Kommissie vir Administrasie, Bylae 1 by genoemde Wet met ingang van 1 Julie 1985, deur die woorde "Departement van Gesondheid en Welsyn" en "Direkteur-generaal: Gesondheid en Welsyn" waar dit in kolomme I en II voorkom, te skrap, en die woorde "Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling" na die woorde "Departement van Mineraal- en Energiesake" in kolom I, en die woorde "Direkteur-generaal: Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling" na die woorde "Direkteur-generaal: Mineraal- en Energiesake" in kolom II in te voeg.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Eerste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Vyf-en-tagtig.

P. W. BOTHA,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Kabinet:

E. v.d. M. LOUW.
Minister van die Kabinet.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF FINANCE

No. R. 1790 **16 August 1985**

AMENDMENTS TO THE REGULATIONS UNDER THE PENSION FUNDS ACT, 1956 (ACT 24 OF 1956)

The Minister of Finance has, under section 36 of the Pension Funds Act, 1956 (Act 24 of 1956), made the regulations set out in the Schedule hereto.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. R. 1790 **16 Augustus 1985**

WYSIGING VAN DIE REGULASIES KRAGTENS DIE WET OP PENSIOENFONDSE, 1956 (WET 24 VAN 1956)

Die Minister van Finansies het, kragtens artikel 36 van die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet 24 van 1956), die regulasies uiteengesit in die Bylae hiervan uitgevaardig.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

SCHEDULE

Substitution of regulation 15 of the Regulations under the Pension Funds Act, 1956, published by Government Notice R. 98 of 26 January 1962

1. The following regulation is hereby substituted for regulation 15 of the Regulations under the Pension Funds Act, 1956, published by Government Notice R. 98 of 26 January 1962 (hereinafter referred to as the Regulations):

"15. A registered fund which carries on only pension fund business referred to in paragraph (a) or (b) of the definition of "pension fund organization" in section 1 (1) of the Act shall, whenever the fund sends a summary of a report of a valuator in terms of subsection (1) of section 16 of the Act to every employer participating in the fund, cause any such summary to be prepared by the valuator concerned in a form substantially corresponding to the form of Schedule F to these Regulations.".

AMENDMENT OF REGULATIONS BY THE ADDITION OF SCHEDULE F

2. The Regulations are hereby amended by the addition of the following Schedule:

"SCHEDULE F

FORM OF SUMMARY OF REPORT OF VALUATOR (REGULATION 15)

Name of fund .....

Financial year.....

Valuator .....

Particulars of financial condition of the fund

1. The balance sheet value of the net assets of the fund, after deduction of current liabilities and any liabilities arising from the pledging, hypothecation or other encumbering of the assets of the fund

.....

2. The actuarial value of assets of the fund, for purposes of comparison with the accrued liabilities* of the fund

.....

3. A brief description of the basis employed in calculating the actuarial value of assets

.....

.....

4. The accrued liabilities* of the fund

.....

5. Any other particulars deemed necessary by the valuator for purposes of this summary

.....

.....

.....

6. A statement as to whether the fund was in a sound financial condition for the purposes of the Pension Funds Act, 1956

.....

.....

Prepared by me:

....

(Date) *(Signature of valuator)*

BYLAE

Vervanging van regulsie 15 van die Regulasies kragtens die Wet op Pensioenfondse, 1956, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 98 van 26 Januarie 1962

1. Regulasie 15 van die Regulasies kragtens die Wet op Pensioenfondse, 1956, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 98 van 26 Januarie 1962 (hieronder die Regulasies genoem) word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"15. 'n Geregistreerde fonds wat slegs pensioenfondsbesigheid bedoel in paragraaf (a) of (b) van die omskrywing van "pensioenfondsorganisasie" in artikel 1 (1) van die Wet dryf, moet, wanneer die fonds 'n opsomming van 'n verslag van 'n waardeerder ingevolge die bepalings van subartikel (1) van artikel 16 van die Wet aan elke werkgewer wat deelneem aan die fonds stuur, so 'n opsomming deur die betrokke waardeerder laat opstel in 'n vorm wat wesentlik ooreenstem met die vorm van Bylae F by hierdie Regulasies.".

WYSIGING VAN REGULASIES DEUR BYVOEGING VAN BYLAE F

2. Die Regulsies word hierby gewysig deur die volgende Bylae by te voeg:

"BYLAE F

VORM VAN OPSOMMING VAN VERSLAG VAN WAARDEERDER (REGULASIE 15)

Naam van fonds .....

Boekjaar.....

Waardeerder .....

Besonderhede van finansiële toestand van fonds

1. Die balansstaatwaarde van die netto bates van die fonds, na aftrekking van lopende laste en enige laste ten gevolge van die verpanding, verhipotekering of ander beswaring van die bates van die fonds

.....

2. Die aktuariële waarde van die bates van die fonds vir doeleindes van vergelyking met die opgelope laste* van die fonds

.....

3. 'n Kort beskrywing van die grondslag van die berekening van die aktuariële waarde van die bates

.....

.....

4. Opgelope laste* van die fonds

.....

5. Enige ander besonderhede wat die waardeerder vir die doeleindes van hierdie opsomming nodig ag

.....

.....

.....

6. 'n Verklaring of die fonds, vir die doeleindes van die Wet op Pensioenfondse, 1956, in 'n gesonde finansiële toestand verkeer het

.....

.....

Deur my opgestel:

....

(Datum) *(Waardeerder se handtekening)*

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REMARKS

* For the purposes of this Schedule "accrued liabilities", in relation to the fund in question, means—

(a) the actuarial liabilities in respect of the past service benefits of active members, with due allowance for—

(i) future salary increases where these affect the benefits in respect of past service (e.g. "final average salary schemes"); and

(ii) increases in pensions or deferred pensions at the rates stipulated in the rules of the fund;

(b) the actuarial liabilities in respect of pensions being paid and deferred pensions, with due allowance for increases at the rates stipulated in the rules of the fund; and

(c) any other actuarial liabilities.".

OPMERKINGS

* Vir die doeleindes van hierdie Bylae beteken "opgelope laste" met betrekking tot die betrokke fonds—

(a) die aktuariële laste ten opsigte van die verstreke diensvoordele van aktiewe lede, met behoorlike voorsiening vir—

(i) toekomstige salarisverhogings waar dit die voordele ten opsigte van verstreke diens beïnvloed (bv. "finalegemiddeldesalarisskemas"); en

(ii) verhogings van pensioene of uitgestelde pensioene teen die koerse in die statute van die fonds bepaal;

(b) die aktuariële laste ten opsigte van pensioene wat betaal word en uitgestelde pensioene, met behoorlike voorsiening vir verhogings teen die koerse in die statute van die fonds bepaal; en

(c) enige ander aktuariële laste.".

DEPARTMENT OF JUSTICE

No. R. 1802 **16 August 1985**

RULES REGULATING THE CONDUCT OF THE PROCEEDINGS OF THE TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION AND THE WITWATERSRAND LOCAL DIVISION OF THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA

The Judge President of the Transvaal Provincial Division of the Supreme Court of South Africa has, in terms of section 43 (2) (b) of the Supreme Court Act, 1959 (Act 59 of 1959), amended the rules regulating the conduct of the proceedings of the Transvaal Provincial Division and the Witwatersrand Local Division of the Supreme Court of South Africa, published under Government Notice R. 153 of 1 May 1902, as amended, as follows:

1. The deletion of rule 6.

2. The deletion of rule 7 and its replacement by the following rule:

"7. (1) In rule 50 (1) of the rules regulating the conduct of proceedings in the several provincial and local divisions of the Supreme Court of South Africa, the period of six weeks is extended to 14 weeks in respect of the Transvaal Provincial Division and of the Witwatersrand Local Division.

(2) In rule 50 (4) of the rules regulating the conduct of proceedings in the several provincial and local divisions of the Supreme Court of South Africa, the period of four weeks is extended to 12 weeks and the period of six weeks is extended to 14 weeks in respect of the Transvaal Provincial Division and of the Witwatersrand Local Division.

(3) Where in rule 50 (7) of the rules regulating the conduct of proceedings in the several provincial and local divisions of the Supreme Court of South Africa it is stipulated that two copies of the record shall be filed with the registrar no less than 14 days prior to the date assigned for the hearing of the appeal, and two copies of the record shall be served upon the other party, it is stipulated in respect of the Transvaal Provincial Division and of the Witwatersrand Local Division that—

(a) the two copies of the record to be filed with the registrar shall be filed simultaneously with the application for a date of hearing in accordance with the provisions of rule 50 (4), as adjusted in respect of the Transvaal Provincial Division and of the Witwatersrand Local Division: Provided that the registrar may accept an application for a date of hearing of an appeal without the necessary copies of the record if—

(i) the application is accompanied by a written agreement between the parties to the effect that copies of the record may be filed late; or

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE

No. R. 1802 **16 Augustus 1985**

REËLS WAARBY DIE VERRIGTINGS VAN DIE TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING EN DIE WITWATERSRANDSE PLAASLIKE AFDELING VAN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA GEREËL WORD

Die Regter-president van die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika het kragtens artikel 43 (2) (b) van die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet 59 van 1959), die reëls waarby die verrigtings van die Transvaalse Provinsiale Afdeling en die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika gereël word, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 153 van 1 Mei 1902, soos gewysig, soos volg gewysig:

1. Die skrapping van reël 6.

2. Die skrapping van reël 7 en die vervanging daarvan deur die volgende reël:

"7. (1) In reël 50 (1) van die reëls waarby die verrigtings van die verskillende provinsiale en plaaslike afdelings van die Hooggeregshof van Suid-Afrika gereël word, word die tydperk van ses weke verleng tot 14 weke ten opsigte van die Transvaalse Provinsiale Afdeling en die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling.

(2) In reël 50 (4) van die reëls waarby die verrigtings van die verskillende provinsiale en plaaslike afdelings van die Hooggeregshof van Suid-Afrika gereël word, word die tydperk van vier weke verleng tot 12 weke en die tydperk van ses weke tot 14 weke ten opsigte van die Transvaalse Provinsiale Afdeling en die Witwatersrandse Plaaslike Afdeing.

(3) Waar daar in reël 50 (7) van die reëls waarby die verrigtings van die verskillende provinsiale en plaaslike afdelings van die Hooggeregshof van Suid-Afrika gereël word, bepaal word dat daar minstens 14 dae voor die datum van aanhoring van die appèl twee afskrifte van die oorkonde by die griffier ingedien moet word en twee afskrifte van die oorkonde aan die ander partye verskaf moet word, word daar ten opsigte van die Transvaalse Provinsiale Afdeling en die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling bepaal dat—

(a) die twee eksemplare van die oorkonde wat by die griffier ingedien moet word, gelyktydig met die aansoek om 'n verhoordatum ooreenkomstig die bepalings van reël 50 (4), soos aangepas vir die Transvaalse Provinsiale Afdeling en die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling, ingedien word: Met dien verstande dat die griffier 'n aansoek om 'n verhoordatum van 'n appèl sonder die nodige afskrifte van die oorkonde kan aanvaar indien—

(i) die aansoek vergesel gaan van 'n skriftelike ooreenkoms tussen die partye ten effekte dat die afskrifte van die oorkonde laat ingelewer mag word; of

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(ii) in the absence of such agreement, the appellant delivers a sworn declaration together with the application in which the reasons for his omission to file the copies of the record in time are set forth, and in which it is indicated that an application for condonation is to be made at the hearing of the appeal;

(b) the two copies of the record to be served upon the other party in terms of rule 50 (7) (d) of the rules regulating the conduct of proceedings in the several provincial and local divisions of the Supreme Court of South Africa shall be served upon the other party simultaneously with the filing of the above-mentioned two copies with the registrar;

(c) after the copies of the record have been delivered, the registrar shall assign a date of hearing for the appeal or for the application for condonation and appeal, as the case may be;

(d) if the party that requested a date for the hearing of an appeal neglects or omits to file or deliver the above-mentioned copies of the record within two months of the application for a date of hearing for the appeal having been accepted by the registrar in terms of the proviso to rule 7 (3) (a), the other party may approach the court for an order to the effect that the appeal has lapsed.

(4) The appellant shall not later than 14 days before the hearing of the appeal deliver a concise and succinct statement of the main points (without elaboration thereon) which he intends to argue on appeal. Not later than seven days before such hearing the respondent shall deliver a like statement of the main points he intends to argue. Two additional copies shall, in each case, be filed with the registrar.

(5) In this rule the word 'deliver' shall have the same meaning as in the rules regulating the conduct of the proceedings of the several provincial and local divisions of the Supreme Court of South Africa.''.

DEPARTMENT OF MANPOWER

No. R. 1788 **16 August 1985**

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

BAKING AND/OR CONFECTIONERY INDUSTRY, CAPE.—RENEWAL OF PROVIDENT FUND AGREEMENT

I, Mattheus Willem Johannes le Roux, Director: Manpower, duly authorised thereto by the Minister of Manpower, hereby, in terms of section 48 (4) (a) (ii) of the Labour Relations Act, 1956, declare the provisions of Government Notices R. 2296 of 24 December 1971, R. 2387 of 20 December 1974, R. 647 of 4 April 1975, R. 1715 of 17 September 1976 and R. 2167 of 21 October 1977, to be effective from the date of publication of this notice and for the period ending 30 June 1988.

M. W. J. LE ROUX,
Director: Manpower.

No. R. 1809 **16 August 1985**

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

FURNITURE MANUFACTURING INDUSTRY, WESTERN CAPE.—EXTENSION OF MAIN AGREEMENT

I, Mattheus Willem Johannes le Roux, Director: Manpower, duly authorised thereto by the Minister of Manpower, hereby, in terms of section 48 (4) (a) (i) of the Labour Relations Act, 1956, extend the periods fixed in Government Notices R. 835 of 30 April 1982, R. 2481 of 19 November 1982, R. 976 of 13 May 1983, R. 2134 and

(ii) by gebreke aan sodanige ooreenkoms, die appellant tesame met die aansoek 'n beëdigde verklaring aflewer waarin die redes uiteengesit word vir sy versuim om die afskrifte van die oorkonde betyds in te lewer en waarin aangedui word dat 'n aansoek om kondonasie by die verhoor van die appèl gerig gaan word;

(b) die twee eksemplare van die oorkonde wat kragtens reël 50 (7) van die reëls waarby die verrigtings van die verskillende provinsiale en plaaslike afdelings van die Hooggeregshof van Suid-Afrika gereël word, aan die ander party verskaf moet word, gelyktydig met die indiening van die voornoemde twee eksemplare by die griffier aan die ander party verskaf word;

(c) nadat die afskrifte van die oorkonde afgelewer is, die griffier 'n verhoordatum toeken vir die appèl of vir die aansoek om kondonasie en appèl, na gelang van die geval;

(d) indien die partye wat 'n datum vir die aanhoring van 'n appèl aangevra het, versuim of in gebreke bly om bedoelde eksemplare van die oorkonde binne twee maande nadat die aansoek om 'n verhoordatum vir die appèl deur die griffier kragtens die voorbehoudsbepaling van reël 7 (3) (a) aanvaar is, in te dien of af te lewer, die ander partye die hof mag nader vir 'n bevel dat die appèl verval het.

(4) Die appellant moet minstens 14 dae voor die aanhoring van die appèl 'n bondige opgawe aflewer van die hoofpunte (sonder om daarop uit te brei) wat hy op appèl wil aanvoer. Minstens sewe dae voor die aanhoring moet die respondent 'n derglike opgawe aflewer. Twee addisionele eksemplare word in elke geval by die griffier ingedien.

(5) In hierdie reël het die woord 'aflewer' dieselfde betekenis as in die reëls waarby die verrigtings van die verskillende provinsiale en plaaslike afdelings van die Hooggeregshof van Suid-Afrika gereël word.''.

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

No. R. 1788 **16 Augustus 1985**

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

BAK- EN/OF BANKETNYWERHEID, KAAP.—HERNUWING VAN VOORSORGFONDSOOREENKOMS

Ek, Mattheus Willem Johannes le Roux, Direkteur: Mannekrag, behoorlik daartoe gemagtig deur die Minister van Mannekrag, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (4) (a) (ii) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van Goewermentskennisgewings R. 2296 van 24 Desember 1971, R. 2387 van 20 Desember 1974, R. 647 van 4 April 1975, R. 1715 van 17 September 1976 en R. 2167 van 21 Oktober 1977, van krag is vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 Junie 1988 eindig.

M. W. J. LE ROUX,
Direkteur: Mannekrag.

No. R. 1809 **16 Augustus 1985**

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

MEUBELNYWERHEID, WES-KAAPLAND.—VERLENGING VAN HOOFOOREENKOMS

Ek, Mattheus Willem Johannes le Roux, Direkteur: Mannekrag, behoorlik daartoe gemagtig deur die Minister van Mannekrag, verleng hierby, kragtens artikel 48 (4) (a) (i) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, die tydperke vasgestel in Goewermentskennisgewings R. 835 van 30 April 1982, R. 2481 van 19 November 1982, R. 976 van 13

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

R. 2135 of 30 September 1983, R. 2194 of 5 October 1984, R. 1130 of 24 May 1985 and R. 1539 of 12 July 1985, by a further period ending 30 June 1986.

M. W. J. LE ROUX,
Director: Manpower.

Mei 1983, R. 2134 en R. 2135 van 30 September 1983, R. 2194 van 5 Oktober 1984, R. 1130 van 24 Mei 1985 en R. 1539 van 12 Julie 1985, met 'n verdere tydperk wat op 30 Junie 1986 eindig.

M. W. J. LE ROUX,
Direkteur: Mannekrag.

Please keep our country, South Africa, clean!

Help om ons land, Suid-Afrika, skoon te hou!

Save a drop — and save a million

Water conservation is very important to the community and industry to ensure their survival. So save water!

Spaar 'n druppel — en vul die dam

Indien almal van ons besparingsbewus optree, besnoei ons nie slegs uitgawes nie maar wen ook ten opsigte van ons kosbare water- en elektrisiteitsvoorraad

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Use it.

Don't abuse it.

water is for everybody

Werk mooi daarmee.

Ons leef  daarvan.

water is kosbaar

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Please keep our country, South Africa, clean!

Help om ons land, Suid-Afrika, skoon te hou!

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
	PROCLAMATION		
R. 126	Public Service Act (111/1984): Amendment of Schedule 1	1	9892
	GOVERNMENT NOTICES		
	Finance, Department of		
	Government Notice		
R. 1790	Pension Funds Act (24/1956): Amendment of regulations	1	9892
	Justice, Department of		
	Government Notice		
R. 1802	Supreme Court Act (59/1959): Rules regulating the conduct of the proceedings of the Transvaal Provincial Division and the Witwatersrand Local Division of the Supreme Court of South Africa	3	9892
	Manpower, Department of		
	Government Notices		
R. 1788	Labour Relations Act (28/1956): Baking and/or Confectionery Industry, Cape: Renewal of Provident Fund Agreement	4	9892
R. 1809	Labour Relation Act (28/1956): Furniture Manufacturing Industry, Western Cape: Extension of Main Agreement	4	9892

INHOUD

No.		Bladsy No.	Staatskoerant No.
	PROKLAMASIE		
R. 126	Staatsdienswet (111/1984): Wysiging van Bylae 1	1	9892
	GOEWERMENTSKENNISGEWINGS		
	Finansies, Departement van		
	Goewermentskennisgewing		
R. 1790	Wet op Pensioenfondse (24/1956): Wysiging van regulasies	1	9892
	Justisie, Departement van		
	Goewermentskennisgewing		
R. 1802	Wet op die Hooggeregshof (59/1959): Reëls waarby die verrigtings van die Transvaalse Provinsiale Afdeling en die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika gereël word	3	9892
	Mannekrag, Departement van		
	Goewermentskennisgewings		
R. 1788	Wet op Arbeidsverhoudinge (28/1956): Bak-en/of Banketnywerheid, Kaap: Hernuwing van Voorsorgfondsooreenkoms	4	9892
R. 1809	Wet op Arbeidsverhoudinge (28/1956): Meubelnywerheid, Wes-Kaapland: Verlenging van Hoofooreenkoms	4	9892

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001